LENTEDAG: DIE SPEKBOOM

Gebruik 'n poppekas met 'n spekboom-karakter of sit net 'n spekboompie voor die kinders neer en gee voor dat dit die boompie is wat met hulle praat. Spekboom stel homself bekend:

Hallo Maats! My naam is Portulacara Afra. Nee, ek is nie 'n Portugees nie! My "naam" beteken ek het blare soos 'n Portulaca (vygiebos of haaskos in Afrikaans) en my "van" beteken ek is inheems aan Afrika. Eintlik kan julle my sommer "Wonderplant" of "Spekboom" noem. En as julle Engelse mense ken, hulle noem my "Elephant's food". Ek dink nie een van julle het só baie name nie! Ek wil vandag vir julle meer oor myself en my spesie vertel.

Al lyk ek nou vir julle klein, kan ek groei tot ek tussen 2 en 4½ meter hoog word. Julle weet seker al dat blare van plante en bome julle grootste vriende is. Blare gebruik die "vuil" lug wat julle uitasem wat vol koolstofdioksied is om vir julle "skoon" lug vol suurstof te maak. 'n Mens noem hierdie proses fotosintese. Die meeste blare fotosinteer op een manier, maar ek is 'n baie spesiale plant. As dit koel en vogtig is, fotosinteer ek ook op die gewone manier, maar wanneer dit droog en warm raak, maak my blare se huidmondjies net snags oop om koolstofdioksied ''in te asem''. In die dag bly my huidmondjies toe sodat ek nie daardeur vog verloor nie. Slim, nè?

Het julle al gehoor van aardverwarming en van 'n mens se koolstofvoetspoor? Wel, ek kan jou help om jou koolstofvoetspoor kleiner te maak. Ek kan 10 keer meer koolstofdioksied uit die atmosfeer haal as enige ander boom op aarde. Ek kan 100 keer meer koolstofdioksied verwyder as 'n denneboom wat net so groot is. Kan julle dit glo?! Én ek kan myself vermeerder! Jy kan my help om nog meer van myself te maak! Plant my en as my lote 10 cm lank is, knip hulle af en plant hulle weer en weer en weer... Jy kan die res van jou lewe aangaan om ons te vermenigvuldig! En elkeen van ons sal ten minste 200 jaar lank aanhou om CO2 te verminder! Ja, ons kan tot 200 jaar oud word! Sien, ek het julle gesê julle kan my sommer Wonderplant noem!

Dis nog nie al nie: vure kan ons nie vernietig nie; ons is ook nie bang vir ryp of droogte nie. O ja, dan gebruik ons nog baie min water ook; die mense sê ons is "waterslim"! Die slim mense sê ons blaartjies wat effens suur en "suurlemoenerig" proe, is vol goeie minerale en mikro-elemente. My blare kan gekou word om te help as jy hitte-uitputting het of ontwater is, maar julle kan my blare ook in slaai gebruik. In die lente of vroeë somer behoort julle na goeie reën pienk of lig-pers blommetjies aan my te sien. Insekte en bye hou van die blommetjies se sap. Die bye maak goeie heuning van die sap.

Sjoe, nou het ek vir julle darem baie oor myself vertel. As julle nou mooi luister na Tannie ..... / Oom ....., kan julle elkeen netnou 'n kans kry om ook 'n wonderplantjie te plant.

TOEPASSING:

Net soos die spekboom die koolstofdioksied vat en dit **verander** in suurstof, moet ons ook alles wat lelik en sleg is, verander in iets moois. Ons moet kinders wees wat ons omgewing verander. Ons moet weet waar ons wortels lê en ons moet op God vertrou om ons te voed met alles wat ons nodig het om te groei en 'n verskil te maak.

Die spekboom kan omtrent op **enige plek** groei. 'n Mens kan 'n stukkie van 'n spekboom afbreek en enige plek plant. Net so kan ons Christus se kerk op enige plek wees, ook waar dit moeilik is.

Dit **vat tyd en moeite** om iets te laat groei. Ons lewe in 'n wêreld waar almal verwag dat alles vinnig moet gebeur. Ons wil nie eers 2 minute wag vir *Two Minute Noodles* om gaar te word nie!

'n Mens moet vir 'n plantjie gereeld **water gee** om dit te laat groei. Net so moet ons ons **geestelik voed** en onsself omring met vriende wat wil saamgroei.

Jesus gee vir ons twee eenvoudige opdragte in Matteus 22:37-40 waar Hy dit opsom: Wees lief vir God en wees lief vir mense. Ons moet met God **verbind** wees. Om dit reg te kry, moet ons omring wees met mense wat ons toelaat en aanmoedig om dit te doen. God en hierdie vriende is soos die grond waarin die spekboom groei. Die grond maak dit moontlik vir die spekboom om tot sy volle potensiaal te groei.

Wees aanpasbaar en omring jouself met mense wat help dat jy die mens word wat God beplan het jy moet wees.

Ons gaan vandag self klein "wonderplant spekboompies" plant. (Verduidelik self verder volgens jul eie omstandighede wat julle daarmee gaan maak: of elkeen net sy eie een huis toe vat, plant en versorg en of julle meer gaan maak om bv. uit te deel en die boodskap verder uit te dra, ens.)

Om 'n spekboomsteggie te maak, sny 'n loot af net onder 'n "node". Verwyder die onderste blaartjies en doop die stam se onderste punt in hormoonpoeier. Maak 'n klein gaatjie in die grond en plant die stammetjie sodat die helfte onder die grond is. Die spekboom hou van die son, maar in die eerste week moet hy elke dag 'n paar uur koelte hê. Maak die grond elke 2 – 3 dae nat. Nuwe wortels sal binne 3 - 4 weke worm. Na 'n maand hoef 'n mens die spekboompie net elke 2 weke nat te maak.

Die toepassing van 'n spekboom op die Christelike lewe is gekry by Wynand Marc Breytenbach. Hy het nog 'n klomp plantjies in "eco cups" wat julle gratis by hom kan kry. Kontak hom asb. direk daaroor (071 640 9797 of wynand@bergsigjeug.co.za).

Koos Lamont (koosl@isales.co.za) van "Kweek vir die Here" (www.facebook.com/Kweek-vir-die-Here-1790196677862295/) het bykomende inligting verskaf.

Indien jul meer wil weet oor hierdie wonderplante, kan jul gerus op die internet verder loer:

spekboomfoundation.co.za; capechameleon.co.za;

agriec.co.za (Agri Eastern Cape); wonderplant.co.za

Foto: agriec.co.za (Agri Eastern Cape)

Foto: spekboomfoundation.co.za

Foto: capechameleon.co.za

Die NG-Gemeente Kenridge gee spekboomplantjies vir elke kindjie wat gedoop word.